# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) English/Afrikaans | April 2018 Uitgawe 2

# Farewell Mama Winnie



1936 - 2018 Lala ngoxolo qhawekazi. Cont. page 2



**Nelson Mandela: A legacy of freedom**

Page 4



**Local community reaps farm's rewards**

Page 8

2030 NDP

*"Never, never and never again shall it be that this beautiful land will again experience the oppression of one by another and suffer the indignity of being the skunk of the world."*

Nelson Mandela

100 Nelson Mandela Centenary 2018 Be the Legacy

ALSO AVAILABLE ON:
ANDROID APP ON Google play
Available on the App Store
@VukuzenzeleNews
Vuk'uzenzele
Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353
Free Copy

# Bestry die groot droogte

**MET DIE DROOGTE** wat tot nasionale ramp verklaar is, probeer *Vuk'uzenzele* bepaal presies wat dit veroorsaak het en wat gedoen word om water te bespaar.

Met die droogte wat nou krisisvlakke in die Noord- en Oos-Kaap bereik het, waar damvlakke in die Nelson Mandelabaai Metropolitaanse Munisipaliteit op slegs 25 persent staan, is dit tyd dat Suid-Afrikaners verenig om hierdie skaars en waardevolle hulpbron te red.



'n Droogte is 'n langdurige tydperk van abnormale reënval wat tot 'n tekort aan water lei.

Volgens dr Mathieu Roualt, 'n mede-professor aan die Universiteit van Kaapstad se Departement Oseanografie, kan die droogte hoofsaaklik aan die El Niño-uitwerking en klimaatsverandering toegeskryf word.

"El Niño is 'n natuurlike en periodieke verskynsel wat elke drie tot vyf jaar terugkeer en tot twee jaar lank kan duur. Dit verhoog temperature in die Stille en Indiese Oseaan, wat dan weer tot droogtetoestande kan lei," sê hy.

Klimaatsverandering word omskryf as die verandering in wêreldwye of streeksklimaatspatrone wat in die middeltot laat-20ste-eeu begin het en word grootliks toegeskryf aan die hoër vlakke van atmosferiese koolstofdioksied wat deur die gebruik van fossielbrandstof geproduseer word.

"Die afgelope eeu het Suider-Afrika dramatiese jaar-tot-jaarveranderings in die klimaat beleef, wat tot ernstige droogtes en 'n versteuring in die mariene en aard-ekostelsels gelei het. Hierdie veranderinge beïnvloed die landbounywerheid, waterreserwes en visserye en dus die breër ekonomie. Dit beïnvloed ook die vloei van water in strome en plantegroei en die invloei van voedingstowwe in die oseaan," verduidelik dr Roualt.

Hierdie uitwerkings tref Suid-Afrika veral sleg, omdat ons land reeds 'n relatief lae gemiddelde jaarlikse reënval van 450 milliliter (ml) toon. vergeleke met die wêreldwye gemiddeld van 860 ml.

## Wat is die uitwerkings van die droogte?

In Februarie het die Departement van Koöperatiewe Regering en Tradisionele Sake (COGTA) die droogte geherklassifiseer, naamlik van 'n provinsiale ramp na 'n nasionale ramp.

"Ná hersiening van die omvang en erns van die voortslepende droogte in minstens drie provinsies, het rampbestuur die droogte as 'n nasionale ramp geherklassifiseer," sê die hoof van die Nasionale Rampbestuursentrum, dr Mmaphaka Tau.

Alhoewel die ekonomiese uitwerkings van die droogte moeilik meetbaar is, het dit 'n geweldige uitwerking op die landbousektor gehad. In die Wes-Kaap, wat die land se tweede grootste bydraer tot die landbou se bruto binnelandse produk is, het ongeveer 21 000 werksgeleenthede in die derde kwartaal van verlede jaar verlore gegaan. Koringproduksie het in 2017 met 47 persent gedaal en 'n tekort van tot 90 miljoen liter wyn vir uitvoer en plaaslike verkope is moontlik.

Watertekorte sal ook vernietigende uitwerkings op sanitasie, gesondheidsorg en toerisme hê.

## Wat word gedoen om die situasie te hanteer?

Die munisipaliteite wat onder die droogte gebuk gaan, het streng waterbeperkings vir inwoners en sakeondernemings geïmplementeer.

Ontsoutingsaanlegte, pypherstelwerkprogramme, waterherwinning en grondwateronttrekking is almal geïdentifiseer as oplossings vir die probleem, en hierdie projekte is reeds in verskeie voltooiingstadia. V

# Credit Amendment Bill offers relief

**DEBTORS WHO OWE** under R50 000 and meet certain criteria will benefit from the passing of the Draft Credit Amendment Bill. provided by government.

If you are one of the approximately 10 million South Africans struggling with debt issues, help could be on the way.



The Draft National Credit Amendment Bill was submitted for public comment at the end of 2017.

The Draft Bill outlines government's proposed debt interventions, with the aim of providing relief to citizens who have no effective or efficient options to get themselves out of debt.

The development of the Draft Bill was based on the dire need to address the issue of debt in South Africa.

There was xtensive research into international debt relief initiatives and the viability of such a move in South Africa was studied.

Members of the public were invited to submit public comment on the Bill until 15 January 2018, with public hearings held on 6 and 7 February.

If Parliament passes the Draft Bill the relevant amendments will be made to the National Credit Act, and South Africans who meet certain criteria will be able to apply for debt relief.

## How will it work?

- A person applying for debt relief has to be a South African citizen under a credit agreement.
- The total owed debt should not exceed R50 000.
- The applicant should receive no income or an income that, in the six months before making the application, was not more than R7 500 per month.
- The applicant should have no assets that can be converted into cash (excluding certain necessities).
- Certain credit agreements, including developmental credit agreements, are excluded.
- Consumers who are under debt review, or against whom legal action has been taken for not settling their debt, do not qualify for debt intervention.
- Only one application can be made per applicant.

If the National Credit Regulator rules that the applicant requires assistance, the credit agreement could be suspended for 12 months, depending on the applicant's financial circumstances.

During the public hearings numerous stakeholders, ranging from banks to debt counsellors, accounting firms, labour unions and government departments, gave presentations. Following these hearings, it has been recommended that the Draft Bill be referred in order to remove any constitutional uncertainties. V

## Who can consumers turn to when they are in debt?

If you're currently struggling with debt, or have any other related issues, contact Consumer Relief on 0861 0861 10.

# Toep gaan Gauteng se openbare vervoer vergemaklik

**'N NUWE SELFOON-TOEP** maak openbare vervoer heelwat makliker om te navigeer.

Die Gauteng Departement van Paaie en Vervoer het 'n nuwe selfoon-toep, genaamd *Gauteng on the Move*, vir sy openbare vervoerstelsel bekendgestel, wat pendelaars in staat stel om naatloos met die onderskeie vervoermetodes te verbind.

*Gauteng on the Move* sal onsekerheid oor die gebruik van openbare vervoer uitskakel, omdat dit pendelaars van intydse inligting, vervoerskedules en koste vir die Gautrein, Metrobus, A Re Yeng, Rea Vaya, Metrorail, Gautrein se Busdiens, Johannesburg Stad se Besigtigingsbus, Tshwane Busdiens en minibus-taxidienste voorsien.

Tydens sy toespraak by die onlangse bekendstelling van die toep by die ontwikkelaar se kantoor in Midrand, het Gauteng Vervoer se LUK, Ismail Vadi, gesê dat die departement die behoefte aan slim tegnologie en intelligente vervoerstelsels as bydraende faktore tot die ontwikkeling van die vervoerstelsel geïdentifiseer het.

"Die Gauteng Provinsiale Departement het tyd, energie en hulpbronne in die ontwikkeling van hierdie reisbeplanner belê, wat pendelaars in staat stel om moeiteloos met belangrike vervoermetodes in die provinsie te verbind.

"Ons sien reeds die krag van tegnologiese innoverings wat openbare vervoerdienste herskep. Wêreldwye tegnologiese veranderinge ontlok ongetwyfeld 'n rewolusie in die vervoersektor, en ons moet hierdie veranderings aanvaar en daarby aanpas," sê hy.

Vadi het bevestig dat die provinsie sal voortgaan om innovering, navorsing en ontwikkeling te gebruik om 'n slim provinsie te bevorder, ten einde doeltreffendheid en toegang tot vervoerdienste te verbeter.

Nadat gebruikers die toep afgelaai het, kan hulle hul reis beplan deur hul gewenste vervoermetodes, reistye en ander opsies te kies, byvoorbeeld die kortste en goedkoopste reis.

Die Johannesburgse student en pendelaar Glen Dlamini reken dat duisende pendelaars 'n sug van verligting oor hierdie nuwe toep sal slaak.

"Dit is regtig 'n ongelooflike toep. Dit is 'n wonderlike inisiatief deur die regering en verander beslis die hele vervoerlandskap, veral vir 'n jongmens soos ek wat elke dag vanaf Soweto na die Universiteit van Johannesburg moet reis.




"Ek kan darem nou my reise beter beplan, veral wat my finansies betref, en ook die reistye na my bestemmings uitwerk.

"Ek dink dis 'n uitstekende toep en vir iemand soos ek wat nie van Gauteng is nie, sal dit baie nuttig wees om in die provinsie te kan rondreis," het Khanyo Malunga gesê toe *Vuk'uzenzele* met haar in Blairgowrie gesels het.

"As ek hier is vir 'n werksonderhoud sal ek beter kan beplan en my pad kan vind," het sy bygevoeg.

Die toep is van die onderskeie toep-winkels beskikbaar vir *Android*- en *iPhone*-toestelle. V

# Waste becomes wages

**A SUCCESSFUL** government waste management programme has created temporary employment for 190 youth whilst ensuring a litter-free environment.



Bokone Bophirima's Department of Local Government and Human Settlements has invested over R2.5 million in waste management, in at least 10 of its municipalities, through its Youth in Waste Management Programme.

The programme created temporary employment for 190 youth in the North West's Lekwa Teemane, Ditsobotla, Ratlou, Greater Taung, Kgetlengrivier, Mamusa, Moretele, Tswaing, Maquassi Hills and Ramotshere Moiloa local municipalities from July 2017 to January 2018.

The programme assisted these municipalities with waste removal and the operation and maintenance of waste and illegal dumping sites, and generated awareness around waste management, including recycling, and waste removal, from schools, sidewalks, parks and central business districts.

The youth was encouraged to take part in waste management ventures and partnerships were forged with stakeholders for implementation.

Municipalities were responsible for recruiting participants, through their ward councillors, and they targeted unemployed youth, the disabled, child-headed households and the poor. Participants received a monthly stipend of R1 800 and a certificate of participation.

Modise Ngazire (28) from Setlagole in Ratlou said the programme gave him necessary work exposure and ensured that he could put food on the table every day and buy necessities for his two children.

Ngazire, who is an orphan, matriculated in 2008. He was selected from Ratlou municipality's database of unemployed youth to participate in the programme.

"I am very grateful for the opportunity that was presented to me, at a time when I desperately needed it, and I wish that the programme could run in the next financial year so that other unemployed young people can have the same opportunity and gain the experience that I did," he said. V